*Vrydag* **14 Februarie**

**Skrifgedeelte: Joël 2:21-27**
**Fokusgedeelte: Joël 2:26 (AFR53)**

**Loof God omdat Hy goed is**

Die HERE het sy volk getugtig deur ’n sprinkaanplaag en droogte te beskik, wat hulle oes verwoes en hulle in ’n krisis gedompel het. Dit het groot ekonomiese gevolge gehad. Dit beteken ’n skaarste aan kos vir mens en dier. Lewensmiddele wat nodig is, raak ’n krisis.

Die skaarste aan kos was egter nie die enigste probleem nie. Die volk het ook gesig verloor by die heidenvolke rondom. Hierdie plaag was nie net aan Israel bekend nie, maar ook die ander volke het geweet. Dit bring vrae na vore: Waar is Israel se God ...waarom is sy hand teen hulle met die plaag? Die volke het Israel in diskrediet by die HERE gesien.

Maar dit het nie gebeur sonder rede nie. Dit was die HERE se dissiplinerende hand gewees, sy Vaderlike liefdestug. Hy roep daarmee sy volk tot bekering: ’n oproep tot bekering, soos die HERE s’n, is nooit liefdeloos nie – veral as dit ’n mens terugroep na die HERE toe.

Want dit lyk asof die volk sy vertroue in homself – in bloed en bodem – gestel het. Die HERE is nie geraadpleeg in al die volk se handel en wandel nie. Dit is om nie in die vrees van die HERE te lewe nie, maar volgens jou eie goeddunke.

Die sonde van die volk het die gevolg van die HERE se tugtende hand gehad. Maar die HERE belowe dat Hý sal herstel wat die sprinkane opgevreet het. Die HERE is die Een wat die gevolge van die sonde kan en wil herstel. Hy is ook die enigste Een wat dit kan en wil doen. Daarom word die volk deur sy tugtende hand tot bekering geroep – om na Hom toe terug te keer en van hulleself af te keer. Hy gooi hulle wat tot Hom keer, nie uit nie.

Dit is alles die HERE se genadewerk wat ons verstand te bowe gaan: waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword (Rom. 5:20).

*Laat hul Hom dank bewys, vir redding wat so soet is, Hom voor die mense prys, omdat Hy groot en goed is* (Ps.107:3, berymd).

*Sing: Psalm 107-1:1, 3*

*Ds. DJ (Dirk) Dykstra (Nigel)*